## AFDELING D: LETTERKUNDE

**_BLADSAK_ – Lucas Malan**

Hierdie afdeling bestaan uit EEN VRAAG.

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die verhale.

**VERHAAL A: 'STOKVEL OP ’N PLAAS' (20)**
**VERHAAL B: 'POTYSTER SWEIS NIE' (20)**

### VRAAG 6

**VERHAAL A: 'STOKVEL OP ’N PLAAS' – Justice L Makete**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Ja, dis stokvel soos dit oor die algemeen bekend staan.
> Die eenvoudige maar stewige grasdakhuis met sy rooi, gebakte bakstene en die groot lapa is in die week netjies oorgedoen.
>
> ***
>
> Die kinders skarrel soos hoenders toe MaDlamini die mapai’s van hulle af wegtrek.
>
> ***
>
> Baba Dlamini is al besig met die slagding.

6.1 Wanneer is die stokvel gewoonlik gehou? (1)

6.2 Wie se beurt was dit om die stokvel te hou? (1)

6.3 Noem EEN rede waarom almal ’n handjie moes bysit. (1)

6.4 Baba Dlamini se broer het nie die stokvel bygewoon nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.5 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die KORREKTE VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Die borde is propvol geskep.
- Lwandi was voor tienuur besig met die ingewande.
- Die stokvelgangers het ingetrippel.
- Die dogters het al vroegdag in die kombuis gewerk. (4)

6.6 Kies die korrekte antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf die vraagnommer (6.6) en die korrekte woorde neer.

| jou altyd goed te gedra; | altyd vriendelik te wees; | altyd betyds te wees |
|---|---|---|

Die formele aspek van die stokvel het om twaalfuur begin. Dus was een van die reëls van die stokvel om ... (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die gumba-gumba pryk al buite en Yvonne Chakachaka se "MaDlamini se mtombozi" is al te hore. Dis ŉ spektakel om die dik tannies hul agterwêreld te sien skud. Om twaalfuur stiptelik begin die formele aspek van die byeenkoms.
>
> ***
>
> Makhaya, die trekkerdrywer, tree op as voorsitter. Hy dra sy Röntgenbril en lees die lede se name hardop.
>
> ***
>
> "Olaaa! Olaaa! That's party time!" skree die dronkaards soos hulle woeps-broekspype die grond vee. Die meisies se vaal dye is te siene omdat die mini sy verskyning al gemaak het.

6.10 Hoekom, dink jy, noem die verteller dat Makhaya ŉ "Röntgenbril" gedra het? (1)

6.11 Gee EEN rede waarom jy dink dit goed kan wees om ŉ lid van ŉ stokvel te wees. (1)

6.12 Noem TWEE redes waarom die stokvelgangers vir ŉ rukkie moes skuiling soek. (2)

6.13 Wie was 'Ndevu se helpers? (1)

**EN**

**VERHAAL B: 'POTYSTER SWEIS NIE' – PG du Plessis**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hy sê waar hy skoolgaan, dat hy op pad huis toe is vir die naweek – van die koshuis af. Hy vra ook of ek ou yster bymekaarmaak vir verkoop. In ou yster is baie geld, sê hy oor my stofie, voor ek hom kan vertel dat ek eintlik met woorde probeer boer.
> Die stofie interesseer hom, en ek sit en vertel hoe ek die ding weer in gebruik wil kry.

6.14 Waarheen was die verteller op pad? (1)

6.15 Die verteller was iemand wat van geselskap gehou het.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.16 Wat het die verteller agter op die bakkie gehad? (1)

6.17 Hoe het die verteller geweet die seun was nog op skool? (1)

6.18 Kies die korrekte antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf die vraagnommer (6.18) en die korrekte woord neer.

| leser; | skrywer; | prater |
|---|---|---|

Die verteller het homself beskryf as iemand wat met woorde probeer boer. Hy was dus ŉ … (1)

6.25 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die KORREKTE VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Die seun het gegroet met ŉ stem waarin die grootword kraak.
- Die verteller het by die Portugees se winkel gestop om brood te koop.
- Die verteller wou vir die seun geld gee vir die geselskap.
- Die seun het vir die verteller sy stukkende skoene gewys. (4)

6.26 Hoekom, dink jy, kan ŉ mens sê dat die verteller ŉ goeie mens was? (1)

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou